HOËRSKOOL OOS-MOOT

SLUITKASSIEBELEID

WYSIGINGSGESKIEDENIS

Aard van wysiging	**Datum goedgekeur**
Hersiening (roetine)	
Hersiening (roetine)	
Hersiening (roetine)	

SLUITKASSIEBELEID

1. Leerders kan sluitkassies by die skool huur op die voorwaardes hierna uiteengesit.
   Leerders sal van tyd tot tyd in kennis gestel word van wie die verantwoordelike onderwyser is wat die sluitkassies hanteer.
2. Leerders betaal jaarliks (aan die begin van die jaar) vir die gebruik van die sluitkassies vir n volle jaar.
   2.1 Klein toesluitkassies beloop R150 per jaar.
   2.2 Sport toesluitkassies beloop R200 per jaar.
   2.3 IGO toesluitkassies beloop R150 per jaar.
3. Geen leerder mag sy huurkontrak oordra aan ’n ander persoon sonder die toestemming van die verantwoordelike onderwyser nie.
4. Leerders mag nie hul kassies onderverhuur sonder die verantwoordelike onderwyser se medewete nie.
5. ’n Leerder moet self ’n slot voorsien.
6. Die leerder wat die sluitkassie huur, word verantwoordelik gehou vir die inhoud en instandhouding van die sluitkassie, al deel so ’n leerder die kassie met ’n mede-leerder.
7. Die skool behou die reg om die sluitkassie enige tyd te deursoek. Indien leerders nie beskikbaar is om die sluitkassie oop te sluit nie, mag die skool die sluitkassie se slot oopbreek.
8. Indien enige ongemagtigde voorwerpe of middels (soos byvoorbeeld sigarette, drank, verbode middels of enige voorwerp wat ’n ander leerder kan beseer) in ’n leerder se sluitkassie gevind word, sal die leerder dissiplinêr aangekla word en sy/haar reg op die huur van ’n sluitkassie verbeur, sou dit vermoed word dat die leerder wat die sluitkassie huur die voorwerpe of middels daarin geplaas het, of toegelaat het dat die voorwerpe of middels daarin geplaas word.
9. Leerders onderneem om slegs voor skool en tydens pouse en na skool hul sluitkassie te besoek. Geen leerder word tydens voog, toetsperiode en klasonderrigtyd by die sluitkassies toegelaat nie. Indien ’n leerder nie gehoor gee aan die reëling nie, sal die leerder volgens die gedragskode hanteer word.
10. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies, diefstal of skade aan eiendom in die sluitkassie nie en is die inhoud die volle verantwoordelikheid van die leerder.
11. In die geval waar ’n ander leerder wederregtelik die slot van die huurder se sluitkassie en inhoud verwyder en die sluitkassie oorneem sal die oortredende leerder volgens die gedragskode hanteer word.
12. Hierdie beleid is aanvaar en goedgekeur deur die beheerliggaam van die Hoërskool Oos-Moot.